- (11) 'n Werknemer van die Departement wat deur die Provinsiale Minister daartoe 15 gemagtig is, het toegang tot enige rekord wat deur of namens 'n buurtwag gehou word en kan die rekord ondersoek of uittreksels of afskrifte daarvan maak om verdere inligting oor 'n verslag wat ingevolge subartikel (10)(b) opgestel is, in te win en om te bepaal of die buurtwag voldoen aan die standaard wat in subartikel (5)(d) en (e) beoog word. 20
- (12) Indien 'n buurtwag versuim om aan die standaard wat in subartikel (5)(d) en (e) beoog word of aan subartikel (10)(b), (c) of (d) te voldoen, kan die Provinsiale Minister die buurtwag by skriftelike kennisgewing gelas om binne die tydperk in die kennisgewing aangedui, aan daardie bepalings te voldoen.
- (13) Indien die buurtwag versuim om aan die kennisgewing uitvoering te gee binne 25 die tydperk daarin aangedui, kan die Provinsiale Minister die akkreditasie van die buurtwag terugtrek.

Databasis en vennootskappe met gemeenskapsorganisasies

7. (1) Om goeie betrekkinge tussen die polisie en gemeenskappe in die Provinsie te bevorder, kan die Provinsiale Minister— 30
- (a) 'n databasis in stand hou van gemeenskapsorganisasies wat betrokke is op die gebied van polisiëring, ondersteuning van slagoffers van misdaad, misdaadvoorkoming of gemeenskapsveiligheid;
 - (b) gemeenskapsorganisasies op die databasis bystaan deur ondersteuning, inligting, opleiding of hulpbronne te voorsien; 35
 - (c) behoudens enige wetgewing wat die bestaan van kontrakte deur die Provinsiale Regering reguleer en met die instemming van die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies, met enige party 'n kontrak sluit vir die ontwerp, finansiering of bedryf van enige gemeenskapsveiligheidsinisiatief of -vennootskap om die doelstelling van hierdie Wet te bereik; 40
 - (d) die instelling van spesiale eenhede gemik op spesifieke misdaadkategorieë fasiliteer.
- (2) 'n Gemeenskapsorganisasie wat op die databasis gelys is, moet op die voorgeskrewe wyse aan die Departementshoof verslag doen oor veiligheidskwellings en misdaadvoorvalle wat deur die organisasie hanteer is. 45

Geïntegreerde inligtingstelsel

8. (1) Om toesig te hou oor die polisie se doeltreffendheid en bevoegdheid en om die Provinsie se polisiëringsbehoefte en -prioriteite te bepaal, moet die Provinsiale Minister 'n geïntegreerde inligtingstelsel tot stand bring en in stand hou.
- (2) Die Departementshoof moet werknemers van die Departement magtig om 50 inligting in te win en die geïntegreerde inligtingstelsel te administreer en in stand te hou.
- (3) Die Provinsiale Minister kan die Burgerlike Sekretariaat en die Provinsiale Sekretariaat oor die geïntegreerde inligtingstelsel raadpleeg om die integrasie van inligting met enige veiligheidsmodelle en moniteringsinstrumente wat deur die Provinsiale Sekretariaat ontwikkel is, soos beoog in artikel 17(2) van die Wet op die 55 Burgerlike Sekretariaat vir die Polisie, 2011, te verseker.

- (4) Die geïntegreerde inligtingstelsel moet voorsiening maak vir—
- (a) die insameling van data vanaf relevante staatsorgane of instellings, sekuriteitsdiensverskaffers wat ingevolge subartikel (6) geregistreer is en die polisie diens;
 - (b) die ontleding van die data; 5
 - (c) die rekordhouding van veiligheidskwellings in gemeenskappe in die Provinsie;
 - (d) die byvoeging van inligting in 'n verslag beoog in artikels 6(10)(b), 7(2) en 8(7)(a); en
 - (e) die ontleding van die aantal en aard van klagtes wat met die polisie verband hou, wat deur die Ombudsman ingevolge artikel 16, staatsorgane, gemeenskapspolisieforums en ander instellings ontvang is. 10
- (5) Die Departementshoof mag inligting wat betrekking het op misdaad of misdadige aktiwiteite wat deur middel van die geïntegreerde inligtingstelsel ontvang is, na die Provinsiale Kommissaris verwys. 15
- (6) Die Provinsiale Minister kan 'n sekuriteitsdiensverskaffer wat in die Provinsie werksaam is, versoek om op die databasis in artikel 7 bedoel te registreer.
- (7) 'n Geregistreerde sekuriteitsdiensverskaffer moet—
- (a) op die voorgeskrewe wyse en binne die voorgeskrewe tydperk aan die Provinsiale Minister verslag doen oor— 20
 - (i) veiligheidskwellings en misdaadvoorvalle in die gebied waarin die sekuriteitsdiensverskaffer werksaam is;
 - (ii) vuurwapens wat weggeraak het of gesteel is terwyl dit in die sekuriteitsdiensverskaffer se besit was; en
 - (iii) enige ander aangeleentheid wat deur die Provinsiale Minister vereis word om polisiëringsbehoefte en -prioriteite te bepaal en om toesig te hou oor die polisie diens se doeltreffendheid en bevoegdheid; 25
 - (b) rekord hou van die aangeleentheid beoog in paragraaf (a)(i) tot (iii); en
 - (c) die rekords beoog in paragraaf (b) vir minstens vyf jaar na die rekordhoudingsdatum bewaar. 30
- (8) 'n Werknemer van die Departement wat deur die Provinsiale Minister daartoe gemagtig is, het toegang tot enige rekords wat ingevolge subartikel (7)(b) deur of namens 'n sekuriteitsdiensverskaffer gehou word, en kan die rekords ondersoek of uittreksels of afskrifte daarvan maak om verdere inligting in te win oor 'n verslag wat ingevolge subartikel (7)(a) gelewer is. 35

Vertroulikheid en bekendmaking

9. (1) Geen persoonlike inligting wat vir die doel van hierdie Wet deur die Provinsiale Minister, die Departementshoof of 'n werknemer of persoon ingevolge hierdie Wet gemagtig, versamel is en betrekking het op— 40
- (a) 'n individu;
 - (b) 'n huishouding;
 - (c) 'n besigheid; of
 - (d) 'n privaat organisasie,
- mag, behoudens die wette wat staatsinligting reguleer en subartikels (2) en (3), aan enige ander persoon bekend gemaak word nie. 45
- (2) Behoudens artikel 8(5) mag die inligting beoog in subartikel (1) bekend gemaak word—
- (a) aan enige staatsorgaan—
 - (i) vir 'n doel wat verband hou met die funksies van hierdie Wet;
 - (ii) in ooreenstemming met die voorskrifte van die Provinsiale Minister; 50
 - (iii) op voorwaarde dat die naam, adres of enige ander wyse waardeur 'n bepaalde individu, huishouding, besigheid of privaat organisasie geïdentifiseer kan word, geskrap word;
 - (iv) indien daar nie redelikerwys verwag word dat die bekendmaking daarvan 'n bedreiging vir die lewe of fisiese veiligheid van 'n individu sal inhou of die sekuriteit van eiendom sal benadeel of verswak nie; en 55
 - (v) indien die Provinsiale Minister oortuig is dat die vertroulikheid van daardie inligting of data nie aangetas sal word nie; of
 - (b) aan die persoon van wie die inligting versamel is of sy of haar verteenwoordiger; 60

- (c) met die vooraf verkreë skriftelike toestemming van die persoon van wie die inligting versamel is of sy of haar verteenwoordiger;
 - (d) waar die inligting reeds aan die publiek beskikbaar is van die betrokke individu, huishouding, besigheid of privaat organisasie; of
 - (e) indien dit nodig of dienstig geag word in belang van geregtigheid. 5
- (3) Ondanks die vertroulikheidsbeperkings van toepassing op die Provinsiale Minister, die Departementshoof en gemagtigde werknemers of persone is die Ombudsman geregtig op inligting of insae in dokumentasie bedoel in subartikel (1) en wat in die Provinsiale Minister se besit is, wat by die oorweging van 'n klag tersaaklik kan wees. 10
- (4) Die Provinsiale Minister, die Departementshoof en elke werknemer of persoon gemagtig ingevolge hierdie Wet—
- (a) moet all redelike stappe doen om te verseker dat—
 - (i) inligting wat vir die doeleindes van hierdie Wet versamel is, akkuraat, bygewerk en so volledig moontlik is; 15
 - (ii) die vertroulikheid van daardie inligting beskerm word; en
 - (iii) die inligting beveilig is teen ongemagtigde toegang; en
 - (b) mag nie inligting bedoel in subartikel (1) aanteken of hanteer vir 'n ander doel as vir die doeleindes van hierdie Wet en in ooreenstemming met hierdie artikel nie. 20
- (5) Die Provinsiale Minister moet verseker dat die vertroulikheid van inligting bedoel in subartikel (1) wat in 'n rekord van die Departement weerspieël word, bewaar word wanneer daardie rekord vernietig word.

Instelling van Kantoor van die Wes-Kaapse Provinsiale Polisie-ombudsman

- 10.** (1) Die Kantoor van die Wes-Kaapse Provinsiale Polisie-ombudsman word in die Departement ingestel. 25
- (2) Die personeel wat vir die verrigting van die Ombudsman se funksies nodig is, word ingevolge die Staatsdienswet, 1994, aangestel.
- (3) Die polisie en werknemers van die Departement en van enige ander staatsorgaan moet met die Ombudsman en die personeel van die Ombudsman saamwerk en hul bystaan by die verrigting van hul funksies ingevolge hierdie Wet, wat die voorsiening van redelike toegang tot enige gebou, perseel, voertuig, eiendom, inligting of dokument onder beheer van die betrokke staatsorgaan insluit. 30

Aanstelling van Ombudsman

- 11.** (1) Die Premier moet 'n toepaslik gekwalifiseerde persoon met regservaring of ervaring in polisiëring as die Wes-Kaapse Provinsiale Polisie-ombudsman aanstel. 35
- (2) Die Ombudsman word deur die Premier aangestel—
- (a) na oorleg met die Provinsiale Minister, die Provinsiale Kommissaris en die uitvoerende hoofde van munisipale polisdienste; en
 - (b) behoudens die goedkeuring van die Provinsiale Parlement se staande komitee verantwoordelik vir gemeenskapsveiligheid deur 'n besluit wat in ooreenstemming met sy reëls aangeneem is. 40
- (3) Die vergoeding en ander aanstellingsvoorwaardes van die Ombudsman word deur die Premier bepaal met die instemming van die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies. 45
- (4) Die Ombudsman word vir 'n nie-hernubare termyn van hoogstens vyf jaar aangestel.
- (5) Die Ombudsman kan te eniger tyd bedank deur 'n skriftelike bedanking minstens drie maande voor die beoogde datum van ampsontruiming by die Premier in te dien, tensy die Premier 'n korter tydperk toelaat. 50
- (6) Die Premier kan by aanvoering van gegronde redes—
- (a) na oorlegpleging met die persone bedoel in subartikel (2)(a); en
 - (b) behoudens die goedkeuring van die Provinsiale Parlement se staande komitee verantwoordelik vir gemeenskapsveiligheid deur 'n besluit wat in ooreenstemming met sy reëls aangeneem is, 55
- die Ombudsman uit sy of haar amp verwyder op grond van wangedrag, onvermoë of onbekwaamheid nadat hy of sy 'n redelike geleentheid gebied is om aangehoor te word.

(7) Die Ombudsman kan by die verrigting van sy of haar funksies ook bygestaan word deur 'n persoon of liggaam wie se diens die Ombudsman vir die doel van 'n bepaalde ondersoek vereis.

Finansies van Ombudsman

12. (1) Uitgawes in verband met die funksies van die Ombudsman moet befonds word uit geld wat die Provinsiale Parlement vir daardie doel bewillig, as deel van die begrotingspos van die Departement. 5

(2) Die Departement moet, behoudens die wette wat die staatsdiens beheer, menslike en ander hulpbronne beskikbaar stel om die Ombudsman in staat te stel om sy of haar funksies te verrig. 10

Verslagdoening deur Ombudsman

13. (1) Die Ombudsman moet jaarliks aan die Provinsiale Minister verslag doen oor die aktiwiteite van die Ombudsman gedurende die vorige finansiële jaar, waaronder—

- (a) die aantal klagtes wat ondersoek is;
- (b) die aantal klagtes wat bevind is beuselagtig of kwelsugtig te wees kragtens artikel 17(1);
- (c) die uitslag van ondersoeke na die klagtes; en
- (d) die aanbevelings oor die klagtes wat ondersoek is.

(2) Die Ombudsman moet aan die Provinsiale Minister verslag doen oor sy of haar aktiwiteite ingevolge hierdie Wet soos en wanneer die Provinsiale Minister dit versoek. 20

(3) Die Provinsiale Minister moet die verslag beoog in subartikel (1) by die Provinsiale Parlement indien.

Onafhanklikheid en onpartydigheid van Ombudsman

14. (1) Die Ombudsman en personeel van die Ombudsman moet onafhanklik en onpartydig dien en hul funksies in goeie trou en sonder vrees, begunstiging, 25 partydigheid of vooroordeel verrig onderworpe aan die Grondwet en die reg.

(2) Die Ombudsman en personeel van die Ombudsman moet vertroulikheid handhaaf ten opsigte van inligting wat ingevolge hierdie Wet verkry is.

Funksies van Ombudsman

15. Die Ombudsman moet— 30

- (a) klagtes wat ingevolge artikel 16 oor polisie-onbevoegdheid of 'n verbrokkeling in die betrekkinge tussen die polisie en enige gemeenskap ingedien word, ontvang en mag dit ondersoek; en
- (b) die ander funksies verrig wat kragtens hierdie Wet aan hom of haar opgedra is.

Indiening van klagtes 35

16. (1) Enige persoon kan op die voorgeskrewe wyse en vorm 'n klagte oor beweerde polisie-onbevoegdheid of 'n verbrokkeling in die betrekkinge tussen die polisie en enige gemeenskap by die Ombudsman indien.

(2) Enige lid van die Provinsiale Parlement kan, wanneer hy of sy bewus word van 'n klagte oor beweerde polisie-onbevoegdheid of 'n verbrokkeling in die betrekkinge 40 tussen die polisie en enige gemeenskap, die klagte by die Ombudsman indien om dit te laat ondersoek.

(3) Die Ombudsman moet riglyne wat vir die publiek toeganklik is, uitvaardig oor die prosedures om 'n klag in te dien en die tipe klagtes wat by die Ombudsman ingedien kan word. 45

Ondersoeke deur Ombudsman

17. (1) Die Ombudsman kan, indien 'n klag ingedien is wat nie ooglopend beuselagtig of kwelsugtig is nie, enige nodige ondersoek onderneem na beweerde polisie-onbevoegdheid of 'n verbrokkeling in die betrekkinge tussen die polisie en enige gemeenskap. 50

- (2) Indien 'n lid van die Provinsiale Parlement 'n aangeleentheid beoog in subartikel (1) na die Ombudsman verwys, moet hy of sy die aangeleentheid ondersoek.
- (3) Die Ombudsman kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, 'n ondersoek wat hy of sy uitvoer openbaar maak en meld dat enige persoon binne 'n tydperk wat in die kennisgewing vermeld word, skriftelike vertoë aangaande die ondersoek tot die Ombudsman kan rig. 5
- (4) Indien die Ombudsman van mening is dat 'n ander bevoegde owerheid, waaronder 'n nasionale owerheid, 'n gemeenskapspolisieforum, 'n grondwetlike instelling of die Provinsiale Kommissaris, 'n klagte op 'n meer gepaste manier kan hanteer, kan hy of sy te eniger tyd 'n klagte of 'n aspek daarvan na daardie owerheid verwys. 10
- (5) Die Ombudsman kan na oorleg met die owerheid waarna die saak verwys is, en indien die saak nie deur daardie owerheid opgelos kon word nie, te eniger tyd die ondersoek van daardie aangeleentheid hervat.
- (6) Indien die Ombudsman van mening is dat 'n klagte van 'n ernstige aard is of dat 'n kommissie van ondersoek dit op 'n meer gepaste wyse kan hanteer, kan die Ombudsman by die Premier aanbeveel dat 'n kommissie van ondersoek ingevolge die Wes-Kaapse Provinsiale Kommissiewet, 1998 (Wet 10 van 1998), aangestel word om die klagte te ondersoek. 15
- (7) Indien die Ombudsman besluit om nie 'n ondersoek in te stel nie, moet hy of sy die klaer van sy of haar besluit en die redes daarvoor verwittig. 20
- (8) Na voltooiing van 'n ondersoek en indien die saak nie opgelos kon word nie, moet die Ombudsman 'n aanbeveling oor die ondersoek en sy of haar bevindinge aan die Provinsiale Minister voorlê en die klaer in kennis stel dat dit gedoen is.
- (9) Die Provinsiale Minister moet 'n aanbeveling aan die Minister doen oor enige klagte wat ondersoek is maar nie deur die Ombudsman opgelos kon word nie, en moet die klaer van die aanbeveling verwittig. 25
- (10) Die Ombudsman moet sy of haar funksies en aktiwiteite ingevolge hierdie Wet koördineer met ander owerhede wat jurisdiksie het ten opsigte van die ondersoek van klagtes teen die polisie, ten einde onnodige duplikasie te vermy.

Ondersoekbevoegdhede en -beamptes 30

18. (1) Vir die doel van 'n ondersoek kan die Ombudsman enige persoon gelas om 'n beëdigde verklaring of plegtige verklaring in te dien, of om voor hom of haar te verskyn om getuienis af te lê, of om enige dokument wat op die ondersoek betrekking het en in daardie persoon se besit is of deur hom of haar beheer word, voor te lê, en die Ombudsman kan die persoon daarvoor ondervra. 35
- (2) Die Ombudsman kan enige persoon wat na sy of haar redelike vermoede oor inligting beskik wat betrekking het op die saak wat ondersoek word of ondersoek gaan word, om 'n verduideliking vra.
- (3) Die Ombudsman kan personeel van die Ombudsman of ander geskikte persone as ondersoekbeamptes aanwys om die funksies bedoel in subartikels (1) en (2) uit te voer. 40
- (4) 'n Ondersoekbeampte wat nie voltyds in diens van die staat is nie, moet op die voorgeskrewe voorwaardes en teen die voorgeskrewe besoldiging aangestel word.
- (5) 'n Ondersoekbeampte moet voorsien word van 'n aanstellingsertifikaat wat namens of deur die Ombudsman onderteken is, waarin verklaar word dat hy of sy 'n ondersoekbeampte is wat ingevolge hierdie Wet aangestel is. 45
- (6) 'n Ondersoekbeampte moet 'n aanstellingsertifikaat by hom of haar dra wanneer hy of sy 'n funksie ingevolge hierdie Wet verrig.

Verslag deur Provinsiale Kommissaris

19. (1) Om die Provinsiale Minister in staat te stel om oor die polisie diens se doeltreffendheid en bevoegdheid toesig te hou en polisie-optrede te monitor, moet die Provinsiale Kommissaris binne en ten opsigte van die voorgeskrewe tydperk skriftelik oor die volgende aangeleenthede aan die Provinsiale Minister verslag doen: 50
- (a) in verband met die Suid-Afrikaanse Polisie diens—
- (i) hoeveel vuurwapens wat aan polisiebeamptes uitgereik is, weggeraak het of gesteel is en die omstandighede waaronder dit weggeraak het of gesteel is; 55
- (ii) hoeveel persone deur die polisie diens gearresteer is, hoeveel sake met betrekking tot daardie arrestasies na die hof verwys is, hoeveel van

- daardie sake vervolg is en hoeveel skuldigbevindings daar met betrekking tot daardie sake was;
- (iii) hoeveel fondse en hulpbronne aan veiligheidsoogmerke toegewys is, die metodes wat gebruik is om hierdie oogmerke te bereik en die meetbare uitkomst wat bereik is; 5
 - (iv) hoeveel dissiplinêre en strafregtelike sake teen polisiebeamptes aanhangig gemaak is, die name van daardie beamptes, die saakverwysingnommers, die aanklagte wat ten opsigte daarvan ingedien is en die uitkomst van daardie sake; 10
 - (v) die aantal en aard van klagtes wat die polisie oor swak dienslewering en polisiewangedrag ontvang het en hoe daardie klagtes opgelos is; 10
 - (vi) statistiese inligting oor die aantal en aard van die misdaad wat aan die polisie gerapporteer is; 15
 - (vii) die omstandighede rakende voorvalle waar die polisie 'n wapen afvuur, toelaat dat 'n wapen afgevuur word of bevel gee dat 'n wapen afgevuur word; 15
 - (viii) die getal sake wat gerapporteer is ingevolge artikel 29 van die Wet op die Onafhanklike Polisie Onderzoek-direktoraat, 2011 en die uitslag van die ondersoeke in daardie sake; en 20
 - (ix) enige ander aangeleentheid, soos voorgeskryf word, wat verband hou met polisie-optrede, die doeltreffendheid en bevoegdheid van die polisie diens of betrekkinge tussen die polisie en die gemeenskap; en 20
- (b) in verband met 'n munisipale polisie diens, hoeveel persone deur die munisipale polisie diens gearresteer is, hoeveel sake met betrekking tot daardie arrestasies na die hof verwys is, hoeveel van daardie sake vervolg is en hoeveel skuldigbevindings daar met betrekking tot daardie sake was. 25
- (2) Die Provinsiale Kommissaris moet die Provinsiale Minister onverwyld in kennis stel van enige sterftes van polisiebeamptes tydens die uitvoer van hulle pligte, enige sterftes wat deur polisiebeamptes veroorsaak is tydens die uitvoer van hulle pligte, enige persone wat gesterf het terwyl hul in polisie-aanhouding was en die omstandighede waarin daardie persone gesterf het. 30
- (3) Die Provinsiale Kommissaris moet aan die Provinsiale Parlement verslag doen oor polisie diens en die aangeleentheid in hierdie artikel beoog.
- (4) Die Provinsiale Minister kan die Provinsiale Kommissaris versoek om enige ander verslag te verstrek wat die Provinsiale Minister nodig het om sy of haar funksies ingevolge hierdie Wet te verrig. 35
- (5) Die Provinsiale Parlement kan vereis dat die Provinsiale Kommissaris voor hom of voor enige van sy komitees verskyn om vrae te beantwoord.
- (6) Indien die Provinsiale Kommissaris versuim om te voldoen aan enige versoek vir inligting van die Provinsiale Minister, moet die versuim deur die Provinsiale Minister aan die Provinsiale Parlement gerapporteer word, wat op sy beurt van die Provinsiale Kommissaris moet vereis om voor hom te verskyn om die versuim om aan die versoek te voldoen, te verduidelik. 40

Verlies van vertroue in Provinsiale Kommissaris

20. Indien die Provinsiale Kabinet vertroue verloor in die Provinsiale Kommissaris, moet die Provinsiale Kabinet, behalwe in uitsonderlike gevalle, van die Provinsiale Kommissaris vereis om voor hom of voor 'n komitee van sy lede te verskyn soos beoog in artikel 69(2) van die Wes-Kaapse Grondwet, 1997, voordat hy verrigtinge vir die verwydering of oorpasing van, of tugstappe teen, die Provinsiale Kommissaris instel. 45

Verlag deur uitvoerende hoof van munisipale polisie diens 50

21. (1) Om die Provinsiale Minister in staat te stel om toesig te hou oor die munisipale polisie diens se doeltreffendheid en bevoegdheid en die optrede van die munisipale polisie te monitor, moet die uitvoerende hoof van 'n munisipale polisie diens binne en ten opsigte van die voorgeskrewe tydperk skriftelik oor die volgende aangeleentheid ten opsigte van die munisipale polisie diens onder sy of haar beheer aan die Provinsiale Minister verslag doen— 55

- (a) die aangeleentheid bedoel in artikel 19(1)(a)(i) en (iii) tot (ix) gelees met die nodige veranderinge; en
- (b) die aantal persone wat deur die munisipale polisie diens gearresteer is.

(2) 'n Uitvoerende hoof van 'n munisipale polisie diens moet die Provinsiale Minister onverwyld in kennis stel van enige sterftes van munisipale polisiebeamptes tydens die uitvoer van hulle pligte, enige sterftes veroorsaak deur munisipale polisiebeamptes tydens die uitvoer van hulle pligte, enige persone wat gesterf het terwyl hul deur munisipale polisiebeamptes aangehou is en die omstandighede waarin daardie persone gesterf het. 5

(3) Die Provinsiale Minister kan 'n munisipale polisie diens se uitvoerende hoof versoek om enige ander verslag te verstrek wat die Provinsiale Minister nodig het om sy of haar funksies ingevolge hierdie Wet te verrig.

(4) Die Provinsiale Parlement kan vereis dat die uitvoerende hoof van 'n munisipale polisie diens voor hom of enige van sy komitees verskyn om vrae te beantwoord. 10

(5) Indien die Provinsiale Minister tevrede is dat 'n munisipale polisie diens versuim het om te voldoen aan die voorwaardes waarop die munisipale polisie diens ingestel is, of aan nasionale standaarde, kan die Provinsiale Minister die gepaste stappe doen wat in artikel 64N van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie diens, 1995, beoog word. 15

Aantekening van versoeke en aanbevelings

22. (1) Die Provinsiale Minister moet 'n register byhou wat die volgende aanteken—

- (a) enige skriftelike verslag of aanbeveling gedoen aan die Minister ingevolge hierdie Wet;
- (b) enige skriftelike versoek vir inligting gerig aan die Provinsiale Kommissaris of 'n uitvoerende hoof van 'n munisipale polisie diens ingevolge hierdie Wet; en 20
- (c) enige skriftelike kommentaar of antwoord ontvang van die Minister, Provinsiale Kommissaris of 'n uitvoerende hoof van 'n munisipale polisie diens oor 'n verslag of aanbeveling bedoel in paragraaf (a) of 'n versoek bedoel in paragraaf (b). 25

(2) Die Provinsiale Minister moet jaarliks 'n gesertifiseerde afskrif van die register by die Provinsiale Parlement indien.

Polisiëringsbehoefte en -prioriteite

23. (1) Die Provinsiale Minister moet jaarliks aan die Provinsiale Parlement verslag doen oor sy of haar funksies ingevolge hierdie Wet en die bevindinge wat daarop betrekking het. 30

(2) Die Provinsiale Parlement moet die verslag bedoel in subartikel (1) na sy staande komitee verantwoordelik vir gemeenskapsveiligheid verwys.

(3) Die staande komitee moet hierdie verslag oorweeg en daaroor debatteer en kan openbare verhore hou en versoë versoek van belanghebbendes met 'n belang by die verslag. 35

(4) Die Provinsiale Parlement moet die Provinsiale Kommissaris en die uitvoerende hoof van munisipale polisie dienste 'n geleentheid gee om te antwoord op die verslag, die versoë en enige ander kommentaar wat ontvang is. 40

(5) Die Provinsiale Minister moet die staande komitee se bevindinge en kommentaar in ag neem wanneer hy of sy 'n aanbeveling oor die Provinsie se polisiëringsbehoefte en -prioriteite vir goedkeuring deur die Provinsiale Kabinet formuleer.

(6) Die Provinsiale Minister moet die Provinsie se goedgekeurde polisiëringsbehoefte en -prioriteite aan die Minister voorlê om in ag geneem te word wanneer die polisiëringsbeleid en -planne vir die Provinsie geformuleer word, soos beoog in artikel 206(1) en (2) van die Grondwet. 45

Samewerking en inter-regeringsbetrekkinge

24. (1) Die Provinsiale Minister, die Departementshoof, gemagtigde persone en werknemers van die Departement, ondersoekbeamptes en die Ombudsman moet hul funksies ingevolge hierdie Wet verrig in ooreenstemming met die beginsels van samewerkende regering en inter-regeringsbetrekkinge, bedoel in Hoofstuk 3 van die Grondwet. 50

(2) Die Provinsiale Minister mag aanbevelings oor die polisie en polisiëringsaangeleenthede aan die Burgerlike Sekretariaat doen of ooreenkomste sluit om die samewerking tussen die verskeie rolspelers, soos beoog in artikel 6(1)(g) van die Wet op die Burgerlike Sekretariaat vir die Polisie diens, 2011, te versterk. 55

(3) Die Provinsiale Minister moet gereeld met die Burgerlike Sekretariaat en die Provinsiale Sekretariaat skakel en oorleg pleeg in verband met enige aangeleentheid rakende onderlinge administratiewe ondersteuning en die koördinerings van hul onderskeie funksies ten einde onnodige duplikasie te vermy.

Provinsiale Veiligheidsadvieskomitee

5

25. (1) Die Provinsiale Veiligheidsadvieskomitee word ingestel.

(2) Die Komitee adviseer en doen voorstelle aan die Provinsiale Minister op sy of haar versoek, oor—

- (a) die funksies van die Provinsie ingevolge Hoofstuk 11 van die Grondwet en Hoofstuk 8 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997; 10
- (b) strategieë, beleid, begrotings en jaarlikse prestasieplanne met betrekking tot die funksies ingevolge Hoofstuk 11 van die Grondwet en Hoofstuk 8 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997;
- (c) regulasies ingevolge hierdie Wet, soos benodig; of
- (d) enige ander aangeleentheid wat uit die toepassing van hierdie Wet voortspruit. 15

Samestelling van Komitee

26. (1) Die lede van die Komitee moet deur die Provinsiale Minister aangestel word en bestaan uit—

- (a) 'n verteenwoordiger van die sakegemeenskap;
- (b) 'n lid van die regbank, die Kaapse Balie of die Kaapse Wetsgenootskap; 20
- (c) 'n senior lid van 'n akademiese instelling met ervaring op die gebied van kriminologie;
- (d) 'n verteenwoordiger van 'n nie-regeringsorganisasie wat by polisiëring of verwante gebiede betrokke is; en
- (e) die Departementshoof, as 'n *ex officio*-lid. 25

(2) Werknemers van die Departement wat deur die Provinsiale Minister aangewys word, moet administratiewe steun aan die Komitee verleen.

(3) Die lede van die Komitee bedoel in subartikel (1)(a) tot (d), mag aangestel word slegs nadat die Provinsiale Minister, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en in ander media wat die Provinsiale Minister as geskik beskou, alle belanghebbende partye genooi het om binne die tydperk wat in die kennisgewing vermeld word, die name van gepaste en bevoegde persone om aldus aangestel te word, voor te lê. 30

Ampstermyn en diensvoorwaardes van lede van Komitee

27. (1) 'n Lid, behalwe die *ex officio*-lid, word aangestel vir 'n termyn van drie jaar, wat eenmalig hernubaar is. 35

(2) 'n Lid se amp raak vakant indien—

- (a) die lid sonder toestemming van die Komitee se voorsitter van twee opeenvolgende komiteevergaderings afwesig is;
- (b) die lid sy of haar skriftelike bedanking by die Komitee se voorsitter indien;
- (c) die lid uit die Komitee afgedank word kragtens subartikel (3); of 40
- (d) die lid sterf.

(3) Die Provinsiale Minister kan 'n lid van die Komitee afdank indien die Provinsiale Minister van mening is dat daar genoegsame redes vir sy of haar afdanking bestaan.

(4) Die Provinsiale Minister moet 'n vakature in die Komitee wat ingevolge subartikel (2) ontstaan, ingevolge artikel 26(1) en (3) vul. 45

(5) 'n Lid wat uit hoofde van subartikel (4) aangestel word, se termyn duur vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die lid wat sy of haar amp ontruim het, aangestel is.

(6) Die Provinsiale Minister moet een van die lede van die Komitee as voorsitter aanwys. 50

(7) Die Provinsiale Minister kan enige ander aanstellingsvoorwaardes waarvoor daar nie in hierdie artikel voorsiening gemaak word nie, bepaal.

(8) Lede van die Komitee wat in artikel 26(1)(a) tot (d) bedoel word, kan die toelaes ontvang en vir die uitgawes vergoed word soos die Provinsiale Minister met die instemming van die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies bepaal. 55

Vergaderings van Komitee

28. (1) Die Komitee kan, behoudens goedkeuring van die Provinsiale Minister, reëls maak oor besluitneming deur die Komitee en die hou van en die prosedure tydens vergaderings van die Komitee.

(2) Komiteevergaderings moet gehou word op die tyd en plek wat die voorsitter van die Komitee in ooreenstemming met die Komitee se reëls bepaal. 5

Toekennings

29. (1) Die Provinsiale Minister kan ooreenkomstig die voorgeskrewe kriteria 'n toepaslike toekenning, wat 'n geldelike toekenning kan insluit, aan enige lid van 'n gemeenskap of ander persoon maak vir verdienstelike diens ter bevordering van die oogmerke van hierdie Wet. 10

(2) Die Provinsiale Minister moet 'n register hou van, en jaarliks aan die Provinsiale Parlement verslag doen oor, enige toekennings wat ingevolge subartikel (1) gemaak is.

Misdrywe

30. (1) Enige persoon wat— 15

(a) sonder redelike oorsaak weier of versuim om aan 'n lasgewing of versoek kragtens artikel 18(1) of (2) te voldoen of weier om 'n vraag aan hom of haar kragtens daardie artikel gestel, te beantwoord of wat op so 'n vraag 'n antwoord verstrekk wat na sy of haar wete onjuis is; of

(b) die Ombudsman of 'n ondersoekbeampte hinder of dwarsboom in die uitvoer of verrigting van sy of haar bevoegdhede of funksies ingevolge hierdie Wet, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens drie jaar of albei. 20

(2) Enige persoon wat artikel 9(1) of (4)(b) oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf van hoogstens twee jaar of albei. 25

Regulasies

31. Die Provinsiale Minister kan regulasies uitvaardig oor—

(a) enige aangeleentheid ten opsigte waarvan hierdie Wet regulasies vereis of magtig; 30

(b) die funksies en pligte van die Provinsiale Minister of die Ombudsman;

(c) die ontvangs en verwerking van klagtes wat ingevolge artikel 16 ingedien word;

(d) die metode vir die hantering van 'n ondersoek na klagtes wat ingevolge artikel 16 ingedien word; 35

(e) die formaat en prosedure om persone te gelas kragtens artikel 18(1) of 'n verduideliking te versoek kragtens artikel 18(2);

(f) vereistes vir verslagdoening deur die Provinsiale Kommissaris of 'n uitvoerende hoof van 'n munisipale polisie diens ingevolge hierdie Wet;

(g) die formaat van enige verslag wat ingevolge hierdie Wet vereis word; 40

(h) die bepaling van sleutelaanwysers en empiriese datatipes wat ingesluit moet word in 'n verslag wat ingevolge hierdie Wet vereis word;

(i) maatreëls om die vertroulikheid van, beheer oor en toegang tot inligting wat deur die geïntegreerde inligtingstelsel ingewin is, te verseker;

(j) die vereistes vir magtiging en klaring van werknemers, ondersoekbeamptes en ander persone wat deur die Provinsiale Minister gemagtig is om funksies ingevolge hierdie Wet te verrig; 45

(k) aanwysers om oor die polisie diens se doeltreffendheid en bevoegdheid toesig te hou en dit te bepaal; of

(l) enige ander aangeleentheid wat nodig is vir die doeltreffende uitvoering van die funksies ingevolge hierdie Wet. 50

Delegering

- 32.** (1) Die Provinsiale Minister kan enige bevoegdheid of plig, behalwe die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, wat ingevolge hierdie Wet aan hom of haar verleen of opgedra is, aan die Departementshoof deleger of opdra.
- (2) Die Departementshoof kan enige bevoegdheid of plig wat ingevolge hierdie Wet aan hom of haar verleen of opgedra is, deleger of opdra aan— 5
- (a) 'n werknemer van die Departement; of
 - (b) die bekleër van 'n spesifieke amp of posisie in die Departement.
- (3) 'n Delegasie of opdraging in subartikel (1) of (2) bedoel— 10
- (a) moet skriftelik wees;
 - (b) kan aan voorwaardes onderworpe gemaak word;
 - (c) kan skriftelik teruggetrek of gewysig word deur die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval;
 - (d) kan die bevoegdheid om daardie bevoegdheid of plig te subdeleger of verder op te dra, insluit; 15
 - (e) verhinder nie die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval, om die bevoegdheid uit te voer of die plig te verrig nie; en
 - (f) onthef nie die Provinsiale Minister of die Departementshoof, na gelang van die geval, van die verantwoordelikheid betreffende die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die verrigting van die opgedraagde plig nie. 20

Kort titel en inwerkingtreding

33. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wet op Gemeenskapsveiligheid, 2012, en tree in werking op 'n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WES-KAAPSE WETSONTWERP OP GEMEENSKAPSVEILIGHEID, 2012

1. Agtergrond

Die doel van die Wes-Kaapse Wetsontwerp op Gemeenskapsveiligheid is om provinsiale toesigmodelle ten opsigte van die polisie te ontwikkel en in te stel ter nakoming van die grondwetlike mandaat van provinsies om polisie-optrede te monitor en toesig te hou oor die doeltreffendheid en bevoegdheid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (“SAPD”) en munisipale polisdienste in die Provinsie. ’n Doeltreffende en bevoegde polisiediens sal verhoogde vlakke van veiligheid en ’n oop gemeenskap bewerkstellig waarin daar geen vrees vir misdaad heers nie. Die funksies van toesighouding ingevolge die Wetsontwerp fokus daarop om patrone en praktyke van polisie-optrede te bepaal, sistemiese tekortkominge in die polisiestelsel te identifiseer en aanbevelings te doen oor hoe polisiëring in die Provinsie Wes-Kaap verbeter kan word.

Die toesigfunksies ten opsigte van die monitering van polisie-optrede en die evaluering van die polisdienste word ook in hierdie Wetsontwerp gedek.

Die wyse waarop die Provinsie klagtes oor polisie-ondoeltreffendheid uit die gemeenskap hanteer, sal aansienlik verbeter word deur die instelling van die Provinsiale Polisie-ombudsman, wat deur die Wetsontwerp gemagtig word om sulke klagtes doeltreffend te hanteer. Die Ombudsman sal ook verbrokkelings in die betrekkinge tussen die polisie en die gemeenskap moet ondersoek.

Die instel van ’n geïntegreerde inligtingstelsel sal die Provinsie in staat stel om inligting in te samel wat deur die Provinsiale Uitvoerende Gesag in ag geneem moet word wanneer die Provinsie se polisiëringsbehoefte en -prioriteite bepaal word. Die bedoeling is om weg te beweeg van die huidige praktyk waarvolgens polisiëringsbehoefte bepaal word hoofsaaklik op grond van misdaadstatistieke en om ’n meer holistiese benadering tot die bepaling van polisiëringsbehoefte te volg wat gebaseer is op inligting wat verkry is uit vennootskappe met gemeenskappe, die burgerlike samelewing, ander regeringsfere, die sakegemeenskap en dies meer.

Die Wetsontwerp ondersteun die ontwikkeling en sluiting van vennootskappe met die sakegemeenskap en ander rolspelers en die akkreditering en steun van buurtwagte ten einde die kapasiteit vir innovering, samewerking en die ontwikkeling van veiligheidsinisiatiewe om goeie betrekkinge tussen die polisie en gemeenskappe te bevorder, te verhoog.

Die Wetsontwerp dek ander aspekte soos verslagdoening aan die Provinsiale Minister deur die Provinsiale Kommissaris van die SAPD en die verskillende uitvoerende hoofde van munisipale polisdienste.

Die wetgewende mandaat wat by artikels 19(1), 20(1) en 21(1) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet 68 van 1995) aan die Provinsiale Minister gegee word, wat die Provinsiale Minister in staat stel om voorskrifte uit te reik vir die instelling van gemeenskapspolisieforums en -rade, word in die Wetsontwerp versterk ten einde goeie betrekkinge tussen die SAPD en gemeenskappe te bevorder.

In die gees van die Grondwet beklemtoon die Wetsontwerp die beginsels van samewerkende regering en inter-regeringsbetrekkinge oor die algemeen en meer spesifiek tussen die Burgerlike Sekretariaat en die Provinsie.

Die Wetsontwerp stel ook ’n Provinsiale Veiligheidsadvieskomitee in om die Provinsiale Minister te adviseer oor funksies, strategie, beleid, ens.

2. Wetgewende raamwerk

Artikel 104(1), saamgelees met Bylae 4A van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (“die Grondwet”), bepaal dat die Provinsie oor wetgewende

bevoegdheid beskik op die funksionele gebied van “polisie” in die mate dat Hoofstuk 11 (artikels 205-208) sodanige wetgewende bevoegdheid aan die Provinsie verleen. Provinsiale wetgewende bevoegdheid ten opsigte van polisiëring word voorts met die nasionale regeringsfeer gedeel.

Artikel 206 van die Grondwet en artikels 66 en 67 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998), magtig die Provinsie om toesig te hou oor die doeltreffendheid, bevoegdheid en optrede van die polisie in die Provinsie, om goeie betrekkinge tussen die polisie en gemeenskappe te bevorder en om in hierdie verband wetgewing uit te vaardig.

Artikel 66(1) en (2) van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997, bepaal:

“(1) Die Wes-Kaapse regering is geregtig om—

- (a) polisie-optrede te monitor;*
- (b) die doeltreffendheid van sigbare polisiëring te bepaal;*
- (c) toesig te hou oor die doeltreffendheid en bevoegdheid van die polisie, waarby inbegrepe is die ontvangs van verslae oor die polisie;*
- (d) goeie betrekkinge tussen die polisie en die gemeenskap te bevorder; en ...*

(2) Ten einde die funksies in subartikel (1) uiteengesit, te verrig—

- (a) kan die Wes-Kaapse regering enige klagtes oor polisieonbevoegdheid of ’n verbod in betrekkinge tussen die polisie en enige gemeenskap ondersoek of ’n kommissie van ondersoek in dié verband aanstel; en*
- (b) moet die Wes-Kaapse regering aanbevelings doen aan die nasionale Kabinetslid wat verantwoordelik vir polisiëring is.”*

Artikel 67(1) van die Grondwet van die Wes-Kaap magtig verder die Provinsiale Parlement om “wetgewing aan [te] neem wat nodig is om die funksies in artikel 66(1) gelys, te verrig”. Artikel 68 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997, bepaal dat die Provinsiale Kabinet die Provinsie se polisiëeringsbehoefte en -prioriteite moet bepaal.

3. Doel van Wetsontwerp

Die doel van die Wetsontwerp is dus om uitvoering te gee aan die Provinsie se grondwetlike mandaat en om die Wes-Kaapse Regering se bevoegdhede en werksaamhede te reguleer met betrekking tot sy toesigfunksie oor die polisie.

4. Inhoud van Wetsontwerp

Klousule 1

Hierdie klousule bevat die woordomsrywings.

Klousule 2

Hierdie klousule stel die oogmerk van die Wetsontwerp, naamlik om te reguleer en voorsiening te maak vir die uitvoering van die funksies van die Provinsie en die Provinsiale Departement van Gemeenskapsveiligheid (“die Provinsiale Departement”) soos bepaal in artikel 206(1), (3), (4), (5) en (9) en artikel 207(5) en (6) van die Grondwet en in die ooreenstemmende bepalings van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997. Hierdie funksies stel die Provinsie in staat om die polisiëeringsbehoefte en -prioriteite van die Provinsie te bepaal; polisie-optrede te monitor; die doeltreffendheid van sigbare polisiëring te bepaal; oor die doeltreffendheid en bevoegdheid van die polisie toesig te hou, waarby ingesluit is die ontvangs van verslae oor die polisie; goeie betrekkinge tussen die polisie en gemeenskappe te bevorder, enige klagtes van polisie-ondoeltreffendheid of die verbod van betrekkinge tussen die polisie en ’n gemeenskap te ondersoek; van die Provinsiale Kommissaris of die uitvoerende hoof van ’n munisipale polisie te vereis om verslag te doen en voor die Provinsiale Parlement te verskyn, en om verrigtinge in te stel vir die ontslag of verplasing van, of tugstappe teen, die Provinsiale Kommissaris. Die Wetsontwerp beoog ook steun vir die burgerlike toesig oor die polisie onder leiding van die Minister van Polisie deur die Burgerlike

Sekretariaat en die Provinsiale Sekretariaat, wat ingevolge die Wet op die Burgerlike Sekretariaat vir die Polisie diens, 2011 (Wet 2 van 2011), ingestel is. Die Wetsontwerp verduidelik en omskryf voorts die provinsiale regeeringsfeer se toesig oor nasionale polisiëringfunksies.

Klousule 3

Hierdie klousule handel oor die funksies van die Provinsiale Minister van Gemeenskapsveiligheid (“Provinsiale Minister”). Hierdie funksies spruit voort uit bogenoemde grondwetlike bevoegdhede wat in artikel 206(1), (3) tot (5) genoem word, saamgelees met artikels 104 en Bylae 4 van die Grondwet, en artikels 66, 67 en 68 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997.

Klousule 4

Hierdie klousule bepaal dat die Provinsiale Minister werknemers van die Provinsiale Departement en ander persone kan magtig om polisie-optrede te monitor, insluitende optrede ten opsigte van persone wat in polisieaanhouding is, oor die polisie toesig te hou en die polisie diens en die betrekkinge tussen die polisie en die gemeenskap te evalueer.

Klousule 5

Hierdie klousule maak voorsiening vir die uitreiking van voorskrifte vir die stigting van gemeenskapspolisieforums en -rade, soos bedoel in artikels 19, 20 en 21 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie diens, 1995. Hierdie Wet bepaal dat die Provinsiale Kommissaris gemeenskapspolisieforums en -rade mag stig, behoudens die Provinsiale Minister se voorskrifte.

Klousule 6

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vrywillige akkreditering en ondersteuning van buurtwagte in die Wes-Kaap om goeie betrekkinge tussen die polisie en gemeenskappe te bevorder.

Die Provinsiale Minister kan ook befondsing, opleiding of hulpbronne aan buurtwagte verskaf.

Hierdie klousule bepaal ook dat buurtwagte verslae aan die Provinsiale Minister moet voorlê oor:

- die aktiwiteite van die buurtwagte; en
- veiligheidskwellings en misdadvoorvalle in die gebiede waarin buurtwagte werksaam is.

Ten einde die polisie se doeltreffendheid en bevoegdheid te monitor en om die Provinsie se polisiëringbehoefte en -prioriteite te bepaal, soos die Grondwet vereis, beoog hierdie vereistes om ’n databasis oor die veiligheidsituasie in die Provinsie te skep.

Klousule 7

Hierdie klousule maak voorsiening vir die instandhouding van ’n databasis van gemeenskapsorganisasies wat betrokke is by polisiëring, ondersteuning van misdadslagoffers, misdadvoorkoming of gemeenskapsveiligheid in die Provinsie en die ondersteuning van hierdie organisasies. Dit maak ook voorsiening vir die sluit van vennootskappe met gemeenskapsorganisasies om die oogmerke van die Wetsontwerp te bereik om betrekkinge tussen die polisie en gemeenskappe te verbeter. Gemeenskapsorganisasies op die databasis moet ook aan die Departementshoof verslag doen oor veiligheidskwellings en misdadvoorvalle ten einde te help met die bepaling van die Provinsie se polisiëringbehoefte en -prioriteite.

Klousule 8

